Bettysbaai
Buurtwag

Noodnommer: 072 015 5729
Koördineerder: 082 528 6053
E-pos:bbaynhw16@gmail.com

BBBW INLIGTINGSBULLETIN 7 – Januarie 2021

Liewe Lede **BAIE DANKIE**

1. Baie dankie aan almal wat geldelike bydraes gemaak het na ons rekening deur die BB Belastingbetalersvereniging. Hierdie fondse is besonder belangrik om ons nuwe selfoonradio's in werking te hou.

2. Dankie ook aan almal vir insette, voorstelle en misdaadaanmelding. Noudat ons alle stropery-aanmelding verskuif het na die gepaste forums op WhatsApp, en die brandmense hulle eie groep het, beskik ons oor meer tyd vir opvolgwerk en ander misdaadvoorkoming en ondersteuningsdienste.

3. Ons nood- en misdaadaanmeldgroep is slegs vir aanmeld van u eie noodgevalle of wanneer u 'n misdaad in proses waarneem. Hierdie groep sal ook gebruik word in geval van brandontruiming of soortgelyke situasie wanneer ons belangrike inligting kan oordra aan soveel mense as moontlik om 'n vinnige en veilige uitkoms vir almal te verseker. As u iets ongewens of agterdogwekkend sien, moedig ons u ernstig aan om die BBBW te skakel op 072 015 5729 en dit aan te meld by die person wat die foon daardie dag beman, of u kan 'n boodskap stuur aan die voorsitter op WhatsApp of telegram by 082 928 1260.

BRANDKRANE

4. In 'n poging om brandbestryding in Bettysbaai te ondersteun, het ons 'n projek begin dat gewone lede 'n brandkraan naby hulle huise kan aanneem. Dit kan 'n enkelpersoon wees, of 'n gesin of 'n groep mense in 'n straat wat verantwoordelikheid neem vir die brandkraan en die omgewing. Hulle kan ook as gidse dien vir brandbestryders en brandweerwaens.

PAAIEPROJEK

5. Met hierdie projek wil ons graag die Bettysbaai Belastingbetalersvereniging bystaan om ons paaie te assesseer en om aan die paaie 'n telling en status toe te ken. Hierdie verslag sal aan die Munisipaliteit oorhandig word vir hulle verdere optrede. Die idee is om die Munisipaliteit in te lig aangaande watter paaie watter sort onderhoud benodig en wanneer. Ons benodig u hulp om die assessering te doen. Kontak my gerus as u daarin belangstel om te help.

KAMERAPROJEK

6. Ons gaan voort met die kameraprojek vir Bettysbaai, soos beplan. Ons is bewus van die Munisipaliteit se kameraprojek en gaan Direkteur Michaels ontmoet om samewerking en ook aansluiting tussen die twee projekte te bewerkstellig in die beste belang van ons gemeenskap.

OPENBARE VERGADERING

7. Daar sal ‘n openbare vergadering plaasvind by die Crassula-Saal op Saterdag, 13 Februarie 2021 om 10:00. Vyftig persone mag dit bywoon. By so ‘n vergadering kan u ons help groei, leer en u behoeftes beter verstaan. Dit is ‘n geleentheid waar ons samespreking kan hou oor sake wat vir ons belangrik is.

TUINKOMPETISIE

8. U weet waarskynlik dat ons fondse benodig vir aspekte soos maandelikse radiodata, die kameraprojek, kommunikasietekens, toerusting, ens. U skenkings hou ons aan die gang saam met die BB Belastingbetalersvereniging. Om fondse te genereer, beoog ons om ‘n tuinkompetisie te hou. Van nou tot einde Augustus kan mense registreer teen ‘n klein bedrag om deel te neem aan hierdie kompetisie. Aan die einde van September sal die wenners aangekondig word. Die inskrywingsfooi sal deur u bepaal word tydens ons eerste openbare vergadering op Saterdag, 13 Februarie 2021. As daar iemand is wat dit graag wil bestuur, sal ek baie dankbaar wees.

BBBW HET U NODIG

9. Ons benodig areaverteenwoordigers. Dit is mense wat inligting kan ontvang vanaf lede in hul onderskeie areas, en dan ’n reaksie aan die gang kan sit. Hulle sal Buurtwagradio’s ontvang wat hul in direkte verbinding sal plaas met die vier sekuriteitsfirmas en ander BBBW-verteenwoordigers. Dit sal die mors van tyd uitskakel en die noodgeval / aktiewe misdaad kan dan so vinnig as moontlik aangespreek word. Die areas waarin verteenwoordigers benodig word is:

a. Sunny Seas
b. Jock’s Bay
c. Dawidskraal / Bassweg

10. Ons benodig ook straatverteenwoordigers – mense wat gereeld in hul verblyfareas gaan stap en wat veranderinge en ongerymdhede baie gou sal agterkom en sal kan aanmeld by ons via hul onderskeie areaverteenwoordigers. Ons dink hier aan leë erwe waarop bouwerk begin word, mense wat op boupersele woon, ens.

INLIGTING AANGAANDE MISDAAD EN MISDAADSTATISTIEK

11. Alhoewel misdaad by ons – in vergelyking met buurdorpe – laag is, bly dit ‘n bekommernis. Tans ervaar ons hoofsaaklik opportunistiese misdaad. Ander soorte misdaad wat meer georganiseerd is, is diefstal van boumateriaal en toerusting. Daar was een geval (ek dink die eerste in 3 jaar) waar ‘n paartjie gedreig is met ‘n panga. Ons beklemtoon dus die punt dat daar soveel as moontlik oë en ore moet wees, ten einde sulke situasies te voorkom. Ons moet vreemdelinge kan uitken en – meer belangrik – kan bepaal of ons area veilig is al dan nie, gegewe hulle aanwesigheid. As hulle ‘n bedreiging is, sal ons optree.

12. Misdade word oorsien en geregistreer deur die Kleinmond SAPD soos wat dit aangemeld en gehanteer word. Hierdie aanmeldings word dan deel van die amptelike misdaadsyfers wat ons ontvang. Alle misdade word egter nie aangemeld by die Kleinmond SAPD nie. As ons bewus gemaak word van misdaadaktiwiteitwat nie aangemeld is nie, poog ons om dit in te sluit by ons misdaadsyfers. Ons kan net rapporteer oor dit waarvan ons weet.

TER AFSLUITING …

13. Ons moet heeltyd in gedagte hou dat BBBW tog maar ‘n vrywilliger-organisasie is, en staatmaak op befondsing vanaf die algemene publiek en vrywilligerlede vanuit elke area in Bettysbaai. Vind gerus meer uit en maak werk daarvan om u straat of area te verteenwoordig by die BBBW.

Dankie weereens en vriendelike groete
Wayne

Figuur 1 Die rekeningbesonderhede is soos volg: Ons verwysing is u erfnommer en bbnw bv. 4233bbnw)

- BBRA Current Account **ABSA** Hermanus,
  Branch Code 632005,
  Account No **4066 6164 39**

Figuur 2 Noodreaksiespan

Zone	Naam	Van	Selnommer	Roepsein
BBBW	Wayne	Jackson	0829281260	Alpha
Rondevlei	Donovan	Ackerberg	0728868323	Romeo
Stony Point	Rob	Morrisby	0825286053	Bravo
Sentraal	Zachie	Loots	0834532344	Charlie
Silver Sands	Liam	Schultz		Echo
Bettysbaai	ASK		0711359029	ASK
Bettysbaai	Bolt		0612001246	Bolt
Bettysbaai	CULIVE		0861626347	CULIVE
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 1
Bettysbaai	Sandown Bay		0670655420	Sandown Bay 2

Figuur 3